higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T870**(A)**(J24)T

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# INDUSTRIËLE ORIËNTERING N3

(4110033)

**24 Julie 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INDUSTRIËLE ORIËNTERING
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1

1.1 Noem VIER maatskappye wat deel uitmaak van die projekte van die Industriële Ontwikkelingskorporasie (Industrial Development Corporation - IDC). (4)

1.2 Noem VIER spesiale skemas wat deur die IDC aangebied word. (4)

1.3 Noem TWEE nieysterhoudende metaal wat Suid-Afrika na ander lande uitvoer. (2)
**[10]**

## VRAAG 2

2.1 Voltooi die volgende paragraaf hier onder deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.12) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| beperk; Edms. Bpk.; 80; JSE; NRO (NGO); effekte; aandele; openbare maatskappy; meer; 50; plasing; privaat maatskappy; aandeelhouers; beperk; produkte |

'n (2.1.1) … bestaan uit sewe of (2.1.2) … aandeelhouers en keer hul tot die publiek vir die (2.1.3) … van hul aandele en mag op die (2.1.4) …. genoteer wees. Dit het (2.1.5) … as deel van sy naam. 'n (2.1.6) … keer hul nie tot die publiek vir die plasing van sy (2.1.7) …. en (2.1.8) … is nie meer as (2.1.9 …) Oordraagbaarheid van die (2.1.10) … is (2.1.11) … en die maatskappy moet (2.1.12) … as deel van sy naam hê. (12 × 1) (12)

2.2 Verduidelik elk van die volgende leiertipes kortliks:

2.2.1 Outokraties

2.2.2 Demokraties

2.2.3 Laissez-faire

(3 × 3) (9)

2.3 Bespreek die rol van die toesighouer in elk van die volgende fases:

2.3.1 Ontleding

2.3.2 Evaluering

(2 × 2) (4)

2.4 Die huishouding van 'n industriële aanleg beteken dat alles altyd op hul plek is.

(5)

Definieer VYF goeie huishoudingsvoordele. **[30]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 3

3.1 Bespreek die betekenis en belangrikheid van arbeidsopvoeding in Suid-Afrika, 'n land wat voor baie uitdagings op daardie gebied staan. (5)

3.2 Beleide wat deur topvlakbestuur formuleer word, dien as 'n grondslag vir 'n maatskappy en beperk die besluite wat bestuurders en departementele toesighouers maak.

Verduidelik SES van die voordele daarvan om 'n beleid in 'n onderneming te hê. (6)

3.3 Beheer moet nie oorbeklemtoon word nie aangesien dit onnodige druk op werkers plaas en dit kan lei tot misverstand en selfs hoë personeelomset.

Noem NEGE vereistes vir 'n goeie beheerstelsel. (9)
**[20]**

## VRAAG 4

4.1 Noem AGT belangrike gewoontes wat 'n toesighouer behoort te hê ten einde homself/haarself te ontwikkel. (8)

4.2 Kies SES faktore uit die lys hier onder wat die swak punte in die industriële burokratiese stelsel beskryf. Skryf die faktore puntsgewys in die ANTWOORDBOEK neer.

- Rompslomp
- Aanvaarding van nuwe idees
- Jaloesie tussen departemente
- Verlies aan produksie
- Hulp met opleidingsmetodes
- Geheimsinnigheid
- Gebrek aan nuwe idees
- Onvermoë om te verander
- Meting van vordering
- Stel doelwitte en tydsbeperkinge
- Teenstrydige doelwitte
- Kompetisie tussen departemente (6 × 1) (6)

4.3 Definieer elk van die volgende terme met betrekking tot 'n besigheid:

4.3.1 Aanbod

4.3.2 Aanvraag

(2 × 3) (6)
**[20]**

## VRAAG 5

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.12) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1 5.1.1 'n Ekonomiese siklus is nuttig om die hoofverhoudinge tussen ekonomiese aggregate te beskryf.

5.1.2 'n Ekonomiese siklus toon die vloei binne die ekonomie.

5.1.3 Die aanvraagprys is die prys wat die verkoper bereid is om vir die produk of diens te vra en wat die koper terselfdertyd bereid is om vir die produk of diens te betaal.

5.1.4 Kos, water, rus en warmte is voorbeelde van selfvervullingsbehoeftes soos uiteengesit in die hiërargie van behoeftes.

5.1.5 Die onderhandelde prys is die prys wat die verkoper bereid is om vir 'n produk of diens te vra, maar wat die koper terselfdertyd nie bereid is om te betaal nie.

5.1.6 'n Ekonomiese stelsel is die manier waarop die staat kies om sy ekonomiese beginsels toe te pas en die land se hulpbronne te versprei ten einde in die behoeftes van die inwoners te voorsien.

5.1.7 Gratis goedere se getalle is beperk en is vrylik beskikbaar.

5.1.8 Alle mense het behoeftes of begeertes wat deur ekonomiese aktiwiteite bevredig word.

5.1.9 Gebruikswaarde is die vermoë van ekonomiese goedere en dienste om die behoeftes van mense te bevredig.

5.1.10 Kommunisme, kapitalisme en markprys is drie groot ekonomiese stelsels.

5.1.11 Ekonomiese goedere is beperk wat betref hoeveelheid en is baie skaars.

5.1.12 Maslow het 'n hiërargie van menslike behoeftes ontwikkel.

(12 × 1) (12)

5.2 'n Klerk wat gehuur is om 'n vakante pos te vul, het beperkte kennis van die nuwe maatskappy, maar is gewillig om die werk te leer en om die maatskappy te leer ken.

Daar is spesifieke inligting en opleiding wat die toesighouer wil hê die klerk moet ontvang.

Noem AGT opleidingsidees en brokkies inligting wat die toesighouer moet aanwend om die klerk in te lei in sy/haar nuwe werk. (8)

**[20]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou